AFRIKAANS

sassa

SOUTH AFRICAN SOCIAL SECURITY AGENCY

U en u Toelae 2019/20

Hier is die **nuwe SASSA kaart**

paying the right social grant, to the right person, at the right time and place. NJALO!

www.sassa.gov.za 0800 60 10 11

Inhoud

- Inleiding
- Soorte toelae
- Wat u nodig het om aansoek te kan doen
- Waar u vir 'n toelaag aansoek moet doen
- Goedkeuringsdatum
- 'n Onsuksesvolle aansoek
- Betalingsmetodes
- Opskort van toelae
- Herstel van toelae
- Hoofredes vir opskorting van toelae
- Hersienings
- Maatskaplike Noodhulp
- Bedrae van toelaes
- Adreslys

Inleiding

Maatskaplike hulp is 'n oordrag van inkomste in die vorm van toelaes wat deur die regering verskaf word. 'n Maatskaplike toelaag verwys na toelaes wat deur die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Maatskaplike Sekerheid (SASSA) betaal word, naamlik 'n ongeskiktheidstoelaag; 'n oorlogsveteraantoelaag; pleegkindtoelaag; sorgafhanklikheidstoelaag;kinderonderste uningstoelaag en 'n oppasserstoelae.

Die verantwoordelikheid vir die bestuur, administrasie en betaling van maastskaplike toelaes is vanaf 01 April 2006 aan die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Maatskaplike Sekerheid (SASSA) oorgedra.
SASSA is as 'n artikel 3A staatsentiteit, die gefokusde instelling wat daarvoor verantwoordelik is om seker te maak dat die regering die regte toelaag, aan die regte persoon, by 'n plek wat die gerieflikste vir daardie persoon is, betaal.

Soorte toelae

Maatskaplike bystand word verskaf in die vorm van 'n:

- Ouderdomstoelaag;
- Ongeskiktheidstoelaag;
- Oudstryderstoelaag;
- Sorgafhanklikheidstoelaag;
- Pleegkindtoelaag;
- Kinderondersteuningstoelaag;
- Oppasserstoelae
- Maatskaplike noodhulp.

Kwalifiserende Vereistes

Maatskaplike Toelaes

Ouderdomstoelaag

Die aansoeker:

- moet 'n Suid-Afrikaanse burger, permanente inwoner of vlugteling wees;
- moet in Suid-Afrika woon;
- moet 60 jaar of ouer wees
- die aansoeker en eggenoot (indien getroud) moet aan die middeletoets voldoen;
- moet nie in 'n Staatsinrigting versorg of onderhou word nie;
- moet nie 'n ander maatskaplike toelaag vir hom- of haarself ontvang nie; en
- moet hul 13 syfer strepieskode identiteitsdokument verskaf.

Ongeskiktheidstoelaag

Die aansoeker:

- moet 'n Suid-Afrikaanse burger, permanente inwoner of vlugteling wees;
- moet in Suid-Afrika woon;
- moet tussen 18 en 59 jaar oud wees;
- moet 'n mediese evalueringsverslag wat ongeskiktheid bevestig indien;
- moet 'n mediese evalueringsverslag indien wat op die aansoekdatum nie ouer as 3 maande mag wees nie.
- die aansoeker en eggenoot (indien getroud) moet aan die middeletoets voldoen;
- moet nie in 'n Staatsinrigting versorg of onderhou word nie;
- moet nie 'n ander maatskaplike toelaag vir hom- of haarself ontvang nie; en
- moet hul 13 syfer strepieskode identiteitsdokument verskaf.

Oudstryderstoelaag

Die aansoeker:

- moet 'n Suid-Afrikaanse burger, permanente inwoner of vlugteling wees;
- moet in Suid-Afrika woon;
- moet 60 jaar of ouer of medies ongeskik wees;
- moes in die Tweede Wereldoorlog of die Koreaanse Oorlog geveg het;
- die aansoeker en eggenoot (indien getroud) moet aan die middeletoets voldoen;
- moet nie in 'n Staatsinrigting versorg of onderhou word nie;
- moet nie 'n ander maatskaplike toelaag vir hom- of haarself ontvang nie; en
- moet hul 13 syfer strepieskode identiteitsdokument verskaf.

Kindertoelaes

Pleegkindtoelaag

- die aansoeker en kind moet in Suid-Afrika woon;
- 'n hofbevel wat pleegsorgstatus aandui moet verskaf word;
- die pleegouer moet 'n Suid-Afrikaanse burger, permanente inwoner of vlugteling wees;
- die kind moet in die sorg van die pleegouer(s) bly;
- die pleegouer moet hul 13 syfer strepieskode identiteitsdokument verskaf;
- die geboortesertifikaat van die kind moet verskaf word;
- geen middeletoets is van toepassing nie.

Sorgafhanklikheidstoelaag

- die aansoeker moet 'n Suid-Afrikaanse burger, permanente inwoner of vlugteling wees;
- die aansoeker en kind moet in Suid-Afrika woon;

- ouderdom van kind moet onder 18 jaar wees;
- 'n mediese evalueringsverslag, wat permanente, ernstige gestremdheid bevestig, moet ingedien word;
- die aansoeker en eggenoot moet aan die middeletoets voldoen (behalwe pleegouers);
- die sorgafhanklike kind/kinders moet nie permanent in 'n Staatsinrigting versorg of onderhou word nie.
- die aansoeker moet hul 13 syfer strepieskode identiteitsdokument verskaf;
- die geboortesertifikaat van die kind moet verskaf word.

Let wel: Die inkomste van pleegouers sal nie in ag geneem word nie.

Kinderondersteuningstoelaag

- Die primêre versorger moet 'n Suid-Afrikaanse burger, permanente inwoner of vlugteling wees;
- beide die aansoeker en die kind moet in Suid-Afrika woon;
- die kind/kinders moet jonger as 18 jaar wees;
- die geboortesertifikaat van die kind moet verskaf word;
- die aansoeker moet hul 13 syfer strepieskode identiteitsdokument verskaf;
- die aansoeker moet die primêre versorger van die kind/kinders wees;
- die aansoeker en eggenoot moet aan die middeletoets voldoen;
- die aansoeker kan nie vir meer as ses nie-biologiese kinders aansoek doen nie;
- die kind/kinders mag nie in die sorg van 'n staatsinsrigting wees nie; en
- kinders tussen 7 en 18 jaar oud moet op skool wees en dit moet daarop gelet word dat die doel van die kinderondersteuningstoelaag onder andere is om te verseker dat kinders skool bywoon en voltooi. Dit is dus 'n vereiste dat 'n skoolbywoningssertifikaat voorgelê word vir kinders tussen die ouderdom van 7 en 19 jaar. Versuim om hierdie sertifikaat voor te lê of om skool by woon, sal egter nie lei tot die weiering om die kinderondersteuningstoelaag te betaal nie.

Hulptoekenning

- Die aansoeker moet 'n toelaag vir ouer persone, ongeskiktheidstoelaag of 'n oudstryderstoelaag ontvang en moet as gevolg van sy/haar fisiese of geestelike gestremdhede die voltydse hulp van 'n ander persoon benodig;
- moet nie in 'n inrigting versorg word wat 'n subsidie van die staat ontvang vir die sorg/behuising van sodanige bevoordeelde nie;

Bewys van Identiteit

Aansoekers wat nie 'n 13-strepieskode Identiteitsdokument het of geboortesertifikaat vir kinders betrokke by die aansoek het nie, kan steeds vir 'n toelaag aansoek doen. Kry asseblief inligting oor die alternatiewe dokumente wat vir toelaagaansoeke aanvaar word by u naaste SASSA-kantoor.
dokumente wat vir toelaagaansoeke aanvaar word by u naaste SASSA-kantoor.

Waar doen u aansoek vir 'n toelaag?

- U doen aansoek by u naaste SASSA-kantoor;
- Indien u te oud of siek is om na die kantoor te kom om vir 'n toelaag aansoek te doen, kan 'n familielid of vriend dit namens u doen solank hulle 'n brief van u het wat die aansoek magtig;
- Alternatiewelik, mag u die SASSA-kantoor skakel om 'n tuisbesoek te aan te vra;;
- U aansoekvorm sal in die teenwoordigheid van 'n beampte van SASSA voltooi word;
- U sal 'n kwitansie ontvang wanneer u aansoek voltooi is;
- Hou hierdie kwitansie - dit is u enigste bewys van die aansoek;
- U hoef nie enige geld te betaal om aansoek te doen nie;
- Indien u aansoek nie deur SASSA goedgekeur is nie, sal u skriftelik in kennis gestel word waarom u aansoek onsuksesvol was;
- Indien u aansoek onsukselvol was, het u die reg om skriftelik te versoek dat SASSA die besluit heroorweeg. In die skrywe moet u verduidelik waarom u nie met die besluit saamstem nie. Hierdie aansoek moet binne 90 dae van kennisgewing van die uitkoms van u aansoek aangeteken word. As u nog nie saamstem met die uitslag van die aansoek om heroorweging nie, kan u dan binne 90 dae, na die minister appelleer.

Datum van Toekenning van Toelaes

Indien u toelaag goedgekeur is, sal u vanaf die datum van aansoek betaal word, behalwe as u vir 'n Pleegkindtoelaag aansoek gedoen het. Die toelaag word betaal vanaf die datum wat die kind in pleegsorg geplaas is.

Indien u aansoek vir 'n toelaag onsuksesvol is

- Indien u aansoek nie deur SASSA goedgekeur is nie, sal u skriftelik in kennis gestel word waarom u aansoek onsuksesvol was;

- Indien u aansoek onsukselvol was, het u die reg om skriftelik te versoek dat SASSA die besluit heroorweeg. In die aansoek moet u verduidelik waarom u nie met die besluit saamstem nie. Hierdie aansoek moet binne 90 dae van kennisgewing van die uitkoms van u aansoek ingedien word. As u nog nie saamstem met die uitslag van die aansoek om heroorweging nie, kan u binne 90 dae daarna, na die minister appelleer.

Betalingsmetodes

U sal u toelaag deur middel van ‘n SASSA Postbank -kaart ontvang. U kan met die kaart van die volgende metodes gebruik maak:

- Kontantbetalings by betaalpunte
- Banke, insluitend
- Verskaffers wat toelaes uitbetaal (U kan inligting hieroor van naaste SASSA kantoor bekom).

Let wel: Indien u nie in staat is om die toelaag self af te haal nie, kan u 'n persoon aanwys benoem om dit namens u af te haal.

Staking van toelaes

Die volgende kan die staking van 'n toelaag veroorsaak:

- veranderings in omstandighede (finansieel en/of medies);
- uitkoms van 'n hersiening;
- weiering om saam te werk wanneer 'n toelaag hersien word;
- die pleeg van 'n bedrieglike aktiwiteit of wanvoorstelling; en/of
- waar die toelaag verkeerdelik toegeken is

Herstel van toelaes

'n Aansoek vir die herstel van 'n toelaag moet binne 90 dae na die staking daarvan gemaak word.

Vernaamste redes vir die opskorting van toelae

- Dood;
- opname in 'n Staatsinstelling;
- indien die toelaag nie vir 3 opeenvolgende maande geëis is nie;
- wanneer die tydperk van tydelike ongeskiktheid verval het;
- indien u nie meer 'n vlugteling is nie (alle toelae);
- wanneer die kind vir wie die toelaag ontvang word 18 jaar oud word.

Hersienings

U moet enige inkomste ten tye van die aansoek verklaar. Dit sal die basis vorm waarvolgens SASSA sal besluit of u toelaag hersien moet word. U sal 3 maande voor die datum van die hersiening, of die datum waarop 'n lewenssertifikaat verskuldig is, 'n kennisgewing ontvang.

Lewenssertifikate

As u nie u toelaag deur middel van u vingerafdruk of stemtoetsing verkry nie, sal u gevra word om jaarliks 'n lewensbewys te verskaf. U sal vroegtyding van die benodighede in kennis gestel word.

Maatskaplike verligting van nood

Maatskaplike noodhulp is die tydelike verskaffing van bystand wat bedoel is vir persone wat in sulke erge omstandighede verkeer dat hulle nie in hul eie of hul familie se mees basiese behoeftes kan voorsien nie. Maatskaplike noodhulp word betaal aan Suid-Afrikaanse burgers/permanente inwoners of vlugtelinge wat onvoldoende middele het en aan een of meer van die volgende kriteria voldoen:

- Die aansoeker wag vir betaling van 'n goedgekeurde permanente toelaag;
- Die aansoeker is medies ongeskik bevind om werk teen betaling te doen vir 'n tydperk van minder as 6 maande;
- Geen onderhoud is van 'n ouer, kind of eggenoot wat volgens wet verplig is om onderhoud te betaal, ontvang nie en bewyse word verskaf dat pogings om dit te verkry onsuksesvol was;
- Die broodwinner is oorlede en 'n aansoek word binne drie maande na die sterfdatum gemaak;
- Die broodwinner van die gesin/familie is opgeneem in 'n inrigting wat deur die Staat gefinansier word (gevangenis, psigiatriese hospitaal, staatsouetehuis of behandelingsentrum)
- Die aansoeker is geraak deur 'n ramp soos gedefinieer in die Rampbestuurswet, of die Fondsinsamelingswet, 1978
- Die persoon ontvang nie bystand van enige ander organisasie nie, en/of
- Weiering van die aansoek om maatskaplike noodhulp sal buitensporige nood veroorsaak.

Tydperk van maatskaplike verligting van nood

Maatskaplike verligting van noodhulp word maandeliks uitgereik vir 'n maksimum tydperk van 3 maande. 'n Verlenging vir 'n verdere 3 maande kan in uitsonderlike gevalle toegeken word.

Let Wel: Geen persoon wat 'n maatskaplike-toelaag ontvang, kan ook maatskaplike noodhulp terselfdetyd ontvang nie.

Enige persoon wat beide'n maatskaplike toelaag en maatskaplike noodhulp ontvang moet die waarde van die maatskaplike noodhulp terugbetaal. Dit sal van enige maatskaplike toelaag betaling, insluitend agterstallige betalings, verhaal word. Waar die persoon wat reeds in besit is van 'n ander maatskaplike toelaag die maatskaplike noodhulp ontvang het as gevolg van 'n ramp, sal die bedrag nie terugbetaalbaar wees nie.

Verantwoordelikheid van die begunstigdes

Dit is die begunstingde se verantwoordelikheid om SASSA op

hoogte te hou van enige verandering in omstandighede en/of inkomste.

Bedrog

SASSA het zero-toleransie vir bedrieglike aktiwiteite.

Wat is 'n middeletoets

In Suid-Afrika is maatskaplike hulp van 'n middeletoets afhanklik, wat impliseer dat SASSA die inkomste en bates van die persoon evalueer om vas te stel of die persoon se inkomste minder as 'n vasgestelde bedrag is. Hierdie verdienstetoets is 'n manier om vas te stel of 'n persoon kwalifiseer om 'n toelaag te ontvang, omdat toelaes bedoel is vir die wat nie die inkomste het om hulself te onderhou nie. Die middeletoets wissel van een toelaag tot die volgende.

Let wel: Toelae vir ouer persone, oudstryderstoelae en ongeskiktheidstoelae word op 'n glyskaal betaal. Dit wil se, die hoer u private-inkomste, die kleiner u toelaag bedrag.

Bate- en Inkomstedrumpel

Batedrumpel	**Soos op 1 April 2019**
(Slegs toelae vir ouer persone, Ongeskiktheidstoelae en Oudstryderstoelae)	
Enkellopende persoon	R 1 174 800
Getroude persoon	R 2 349 600
Inkomstedrumpel (Jaarbedrae)	
Enkellopende persoon	R 82 400
Getroude persoon	R 164 880
Kinderonderhoudstoelaag	
Kindertoelae:(Enkellopende persoon)	R 50 400
Kindertoelae:(Getroude persoon)	R 100 800
Sorgafhanklikheidstoelaag:	
Enkellopende persoon	R 213 600
Getroude persoon	R 427 200

Bedrae van Toelae

Toelaagtipe	**Betaalbare bedrag soos vanaf 01 Oktober 2018**	**Betaalbare bedrag soos vanaf 01 April 2019**	**Betaalbare bedrag soos vanaf 01 Oktober 2019**
Ouderdomstoelaag	R 1 700.00	R 1 780.00	
Ouderdomstoelaag vir mense ouer as 75 jaar	R 1 720.00	R 1 800.00	
Ongeskiktheidstoelaag	R 1 700.00	R 1 780.00	
Oudstryderstoelaag	R 1 720.00	R 1 800.00	
Hulptoekenning	R 410.00	R 420.00	R 430.00
Kinderondersteuningstoelaag	R 410.00	R 420.00	R 430.00
Pleegsorgtoelaag	R 960.00	R 1 000.00	
Sorgafhanklikheidstoelaag	R 1 700.00	R 1 780.00	

CONTACT DETAILS

SASSA HEAD OFFICE

SASSA HOUSE
501 Prodinsa Building
Cnr Steve Biko & Pretorius
Pretoria
Private Bag X55662
Arcardia,
Pretoria 0083
Tel: 012 400 2000 (Switchboard)

EASTERN CAPE

SASSA Office
BKB Building
Cnr Fitzpatrick& Merino
Road Quigney
East London
Private Bag X9001
Chiselhurst
East London 5200
Tel: 043 707 6300
Fax: 043 707 6481

FREE STATE

Iustitia Building
Cnr St. Andrews Street &
Aliwal Street
Private Bag X20553
Bloemfontein 9300
Tel: 051 410 8339

WESTERN CAPE

Golden Acre
Adderley Street
Cape Town 8001
Private Bag X9189
Cape Town 8000
Tel: 021 469 0200
Fax: 021 469 0260

LIMPOPO

43 Landros Mare Street
Polokwane 0699
Private Bag X9677
Polokwane 0700
Tel: 015 291 7400
Fax: 015 291 7996

MPUMALANGA

18 Ferreira Street
Nelspruit
Private Bag X11230
Nelspruit 1200
Tel: 013 754 9380
Fax: 013 754 9501

NORTH WEST

1st Industrial Site
Mahikeng 2735
Private Bag X44
Mmabatho,
Tel: 018 397 3386

KWAZULU NATAL

1 Bank Street
Pietermaritzburg 3201
Private Bag 9146
Pietermaritzburg 3201
Tel: 033 846 3300
Fax: 033 846 9595

NORTHERN CAPE

95-97 Du Toit Span Road
Kimberly 8300
Private Bag X6011
Kimberely 8300
Tel: 053 802 4900
Fax: 053 832 5225

GAUTENG

28 Harrison Street
Johannesburg 2000
Private Bag X120
Marshalltown 2107
Tel: 011 241 8300
Fax: 011 241 8305

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA